



BOERIE BULLETIN

WELKOM BY LAERSKOOI BOEREFORT

Liewe ouers,

Baie welkom by Graad R. Baie dankie vir die voorreg om u kleinding te versorg en te onderrig. 🍷 Ons personeel is opgelei, professioneel, liefdevol en toegewyd. 🍷

Aandag word aan emosionele, intellektuele- en fisiese aspekte gegee sodat u kleuter kan ontluik en tot sy/haar volle potensiaal ontwikkel. 🍷

Onthou: Jy is slim, dapper en uniek – en ons kan nie wag om saam met jou te leer en pret te hê nie! 🍷

Welkom by jou nuwe skool-avontuur – welkom by Boerefort! 🍷🌟



ETES



- Laerskool Boerefort verskaf geen etes nie.
- Pak asseblief vir u kleuter n kosblikkie met gesonde kos en sap in. Beperk asb. die soetgoed.
- **Geen suigstokkies word toegelaat nie!**

Baie belangrik:

Merk asb. al u kind se skoolklere, skoene, skryfbehoeftes, kosblikke en naskoolsakke.

SKOOLTYE

Skooltye:

- Die skool begin vir alle leerders om 07:20.
- Graad R leerders verdaag die 1ste 3 dae (14-16 Januarie 2025) om 12:30 en daarna elke dag om 13:15.
- Hulle sal deur Graad R personeel vergesel word tot by die hek waar ouers moet wag vir hulle.
- Daar is 'n naskoolsentrum beskikbaar teen ekstra fooie. (sien punt 14 in hierdie inligtingstuk)
- Leerders wat by die naskool ingeskryf is, word deur naskoolpersoneel gehaal by hul klasse.
- Wees asseblief betyds om u kind af te haal in die middag, die kleingood raak maklik onsteld as ouers nie betyds is nie.

LW:

- Geen hekke sal soggens oopmaak voor 06:45 nie.
- Draaihekke slegs vir leerders.
- Geen ouers mag die terrein betree nie, behalwe as hul 'n afspraak met iemand gemaak het, dan moet hul gebruik maak van die ingang by 4^e Laan.
- Daar sal 'n personeellid en/of assistent op diens wees in die oggende om Gr R leerders te ontvang en te vergesel na hul klasse.

Briewe en belangrike kennisgewings:

Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoord-strokies so gou as moontlik terug.

Alle ouers word versoek om asb. die d6 Communicator Toep op selfone af te laai.

Installeringsinstruksies word hierby aangeheg. Belangrike kennisgewings word op hierdie platform versprei.

Weeklikse omsendbriewe word per d6 Communicator en e-pos versprei op Vrydae en kan ook afgelaai word op ons webblad www.boerefort.co.za.



SKOOLGELD 2026

- Graad R word bedryf as deel van Laerskool Boerefort. Geen finansiële hulp word van die Departement ontvang nie. Alle finansiële verpligtinge moet uit die inkomste van die ingeskrewe leerders betaal word.
- U het tyd tot en met die einde van elke maand om te betaal.
- Die persoon wie die kleuter inskryf, die onderneming teken en van wie die identiteitsnommer daarop verskyn, is verantwoordelik vir die skoolgelde.
- Enkelouers wat onderhoud ontvang, moet asseblief kennis neem dat u self die skoolgeld moet betaal en dit u verantwoordelikheid is om die geld terug te eis van die ander ouer.
- Ouers wie se skoolgeld vir 1 maand agterstallig is, ontvang 'n finale aanmaning deur CBJ om te betaal. Indien die geld daarna nie betaal is nie, word die rekening summier aan die skool se invorderaars oorhandig.
- U moet 'n Kalendermaand skriftelik kennis gee indien u kleuter die skool gaan verlaat. Skoolgelde word vasgestel met die Algemene Jaarvergadering.



Skoolgelde beloop as volg:



R16,400.00 per jaar ($R1\ 640.00 \times 10$ maande)

NB!!! - Skoolgelde is betaalbaar oor 10 maande. Vanaf einde Januarie tot en met einde Oktober 2026.

Skoolgelde word gehef ongeag die skoolvakansies - u moet steeds dié maande betaal.

Boekgelde – R1200.00 per leerder per jaar vir ouers wat 100% vrystelling ontvang, leerders in pleegsorg (waar amptelike hofdokumente in plek is) en alle ouers wie se maandelikse bedrag op minder as R100.00 per maand uitwerk na berekening.

Afslag soos volg van toepassing:

Indien skoolgelde maandeliks, vooruit, op datum betaal is en die uitstaande balans vir die jaar teen 30 April 2026, is u geregtig op afslag van 8,5% = R1390 (afgerond).

Indien 'n ouer nie die volle skoolgelde kan betaal op die eerste dag van skool nie, kan daar 'n afbetalingsooreenkoms aangegaan word vir afbetaling aan die einde van elke maand vanaf einde Januarie tot en met einde Oktober 2026.

Sodra daar een maand nie betaal word nie, val die voordeel van afbetaling weg en is die volle bedrag onmiddellik betaalbaar.

NB! – Die vergunning van afbetaling verval indien 'n ouer nie sy maandelikse paaielemente byhou nie. Die volle bedrag is dan onmiddellik betaalbaar. Indien 'n agterstallige rekening oorhandig word vir invordering, sal die volle bedrag wat uitstaande is vir die jaar, oorhandig word.

KONSERT/EINDJAAR

- Aan die einde van die jaar hou ons 'n Inhouding vir die Graad R'e. Al die kleuters neem deel waar afskeid geneem word van ons Graad R kleuters en ons gereed maak vir Graad 1.
- Elke jaar is daar 'n skoolkonsert waaraan die hele skool deelneem. Ons Gr R'e is ook deel hiervan.
- Ons hou jaarliks 'n oupa en oumadag waar ons lekker saam kuier met ons grootouers.



BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- Hierdie aktiwiteite is opsioneel. Dit word aangebied sodat u kleuter ook op ander gebiede verryk word. Rekenaars, Dans, Playball, Akrobaat, Playgolf, Tiny Toks (Krieket) word by die skool aangebied deur privaat instansies en teen vergoeding.
- Seuns en dogters kan ook deelneem aan Bulletjie Rugby en KFC Mini-Krieket.
- Dogters kan deelneem aan Mini-Netbal.

OUERAANDE

Dit is belangrik dat u die eerste ouer vergadering op Dinsdag 13 Januarie om 07:00 sal bywoon om verdere inligting van elke klasonderwyser te ontvang. Bring asb. u kind se skryfbehoeftes solank saam - dit help om die las ligter te maak vir die 1ste skooldag.

Daar vind kwartaalliks oueraande plaas. Dit is verpligtend vir ouers wat uitnodigings ontvang na aanleiding van hulle kind se rapport en vordering. Ouers wat nie 'n uitnodiging ontvang nie, is steeds welkom om hulle kind se voogopvoeder te kom sien.





GELDE

- Stuur alle gelde in 'n koevert. Merk asb. duidelik waarvoor die geld is. Kinders vergeet gou en dan weet ons nie waarvoor die geld is nie.
- Indien enige gelde elektronies op D6 ens. betaal word moet bewyse aan skool gestuur word.
- **NB:** Ons hou geen kleingeld in die klasse aan nie, dus vra ons dat korrekte gelde/bedrae gestuur sal word asseblief.

WENKE




- Help jou kind om **selfstandig** te wees. Moedig u kind aan om sy/haar eie tas te dra. Moet nie vir hulle iets doen wat hulle self kan doen nie!
- Wees **konsekwent** met dissipline, volg reëls en stel duidelike grense. Kinders het grense nodig. Hulle voel veiliger en neig om te floreer as hulle weet dat daar grense bestaan. Hulle moet presies weet wat die reëls is en wie dit afdwing. Grense is hulle veiligheidsnet; dalk kry hulle dit nooit nodig nie, maar die veiligheid lê reeds daarin dat dit wel bestaan! Hulle mag dalk nie graag erken dat u die gesagspersoon is nie, maar hulle is tog gelukkig dat u wel is. Dit help jou kind om in die klaskamer gedissiplineerd op te tree en opdragte uit te voer.
- Sorg dat u kind 'n goeie **nagrus** kry. As die kind moeg is word belangrike inligting nie geabsorbeer nie. Staan betyds op sodat almal rustig kan klaarmaak. So word onnodige spanning uitgeskakel. Kleuters moet genoeg slaap kry. Sien asb. toe dat die kinders elke aand vroeg gaan slaap, veral Sondae. Nie later as 20:00 nie.
- Leer u kind om te **luister**. Praat slegs een maal en tree dan streng op. So leer hulle om te luister. Moenie opdragte herhaal nie.
- Kweek van die begin af 'n vaste **roetine** ten opsigte van slaaptyd, etenstyd en TV kyk. 'n Kind voel veilig in 'n roetine met dissipline.
- Laat u kind toe om te speel, veral buite waar hulle kan hardloop, klim en klouter. Laat hulle ook met 'n bal speel. Hierdie spel is uiters belangrik vir die kleuter se spierontwikkeling wat later 'n invloed op hulle konsentrasievermoë kan hê.
- Beperk TV-kyk en rekenaarspeletjies.



VERSOEKE

- Kyk daaglik vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoordstrokie so gou as moontlik terug.
- Alle ouers word versoek om asb. d6 Connect Toep op selfone af te laai. Installeeringsinstruksies hierby aangeheg. Belangrike kennisgewings word op hierdie platform versprei.
- Weeklikse omsendbriewe word per d6 Connect en e-pos versprei op Vrydae en kan ook afgelaai word op ons webblad www.boerefort.co.za.
- Elke kleuter moet elke dag 'n plastiese koevert in hul tas hê. Omsendbriewe, kwitansies, rekeninge en kunswerke word hierin gebêre sodat dit netjies by u kan uitkom.
- Koop 'n groot genoeg rugsak sodat al die kleuter se besittings en die koevert daarin kan pas. Besittings wat rondlê raak verlore.
- **Merk asb. u kleuter se klere, kosblik en koeldrankbottel.** Wys u kind waar die item gemerk is. Onthou voorletters is nie genoeg nie. Gebruik vaswerk- of vasstryketikette vir klere. Tippex werk goed op skoene en ander donker klere. Indien u iets vermis, kom vra daarvoor. Leer u kleuter om sy/haar besittings op te pas en in die tas te bêre.
- Moenie speelgoed van die huis af saamstuur nie. Dit is gewoonlik duur en die personeel kan nie verantwoordelikheid daarvoor neem nie.
- Snoepie is slegs op Vrydae. Tussen R10 en R20 is genoeg geld vir 'n kleuter. Snoepiegeld moet vir u kind 'n voorreg wees en iets om na uit te sien.
- Daar is kos te koop (enige dag van die week). Ons moet dit net vroeg in die oggend by die snoepie bestel.
- Graad R ouers - ons vra dat u die kleuter nie onnodig uit die skool hou nie. Hierdie is die eerste jaar van die grondslagfase en die fondament vir leer word hier gelê. Soos wat die werkies behandel word, vind assessering plaas. Indien 'n leerder ongereeld skool bywoon, kan die basiese begrippe en vaardighede nie vasgelê word nie. Dit kan die assesseringspunt en die leerder se aanpassing en prestasie in die jare wat kom beïnvloed.
- Stel asb. die skool in kennis van enige siektes/allergieë asook wanneer u kind tydens skoolure medikasie moet neem.
- Stuur alle geld in 'n gemerkte koevert - geen "los" geld nie asb.
- Bak en Brou – R50 per kwartaal of R200 vir die jaar.
- Pak asb. 'n ekstra stel klere en onderklere asook plastieksak in u kind se tas.



DISSIPLINE

- Praat asb. met u kind oor dissipline. Sommige kinders het 'n groot probleem met gehoorsaamheid en die aanvaarding van gesag.
- Leer u kind ook respek vir hul eie en vir ander se persoonlike besittings.
- Praat asb. net **EEN** keer en tree dan streng op. So leer hulle om te luister.
- Ons maak gebruik van 'n kollestelsel as 'n leerder 'n "swart kol" het mag hy/sy nie deelneem aan Snoepie of Verjaarsdae daardie week nie.
- 10 Swart kolle is detensie.
- Dit word egter nie ligtelik benader nie. Indien u kind 'n swart kol kry was hy/sy alreeds talle kere gewaarsku.

OPTREDE VAN U KIND BY DIE SKOOL

Aanvaar asb. dat u kind nie dieselfde by die skool as by die huis optree nie. Groepsdruk en maats se invloed speel 'n groot rol. Wanneer ons u kontak om 'n probleem te bespreek kan u maar luister – ons kontak u gewoonlik eers nadat die kind al 2 waarskuwings gehad het.

Onthou altyd, 'n storie het twee kante. U hoor gewoonlik net een. Definitief die een waar hy moet duidelik maak dat hy eintlik onskuldig is.

VERJAARSDAGPAKKIES

'n Sakie wat elke juffrou 'n hele paar grys hare besorg is verjaardagpakkies. Ons wil u verseker dat wanneer u kind verjaar ons graag die dag met hulle wil deel en geniet, MAAR groot klasse en geriewe laat nie toe dat ons in die klas 'n groot verjaardagkoek kan sny en aan elke maatjie in die klas 'n stukkie gee nie. Dit is gewoonlik 'n groot taai en krummelrige gedoente. Stuur asb. net 'n verjaardagpakkie of 'n "cupcake". Ons deel dit graag uit. Groot koeke sal die middag net so ongesny weer huistoe gestuur word.

Geen suigstokkies!




SLAAPTYD

Sien asb. toe dat die kinders elke aand vroeg gaan slaap veral Sondag. Ons kry Maandag min met hulle uitgerig soos hulle gaap. Gewoonlik groot oopmond sonder om 'n hand voor hulle mond te sit.

Maak elke aand seker dat u die wekker gestel het. Kinders wat met 'n gejaag skool toe kom en nie ontbyt geëet het nie sukkel om deur die dag te kom.

Waak ook teen te veel "skerm-tyd" op selfone of rekenars tydens weeksdae.



VOORBEELD VAN 'N DAGPROGRAM

- Aankoms en Vryspel
- Toilet Roetine
- Groettyd, Bybel, Register, Weerkaart, Verjaarsdae, Nuus
- Wiskunde
- Verversings
- Liggaamlike Opvoeding (Bewegingsaktiwiteite, balspel, balans)
- Storie
- Afrikaans Taal (Letter vorming, lettergrepe (prakties), woordeskat)
- Lewensvaardigheid (Tema), Kodering en Robotika, Musiek, Bak en Brou, Sensoriese spel
- Vryspel
- Broodjietyd
- Opruim en Afsluiting



EETGEWOONTES EN KOSBLIKKE

Eetgewoontes speel 'n groot rol in die kind se optrede en prestasie. Let asb. op wat u hulle gee om te eet. Sommige kossoorte is "gif" vir 'n kind wat effense konsentrasieprobleme het. Ons sien ook kosblikkies met 'n pakkie koekies, pakkie skyfies en lekkergoed. Ons weet die lewe is 'n gejaag en dat elkeen 'n baie besige program volg. Probeer maar om die gewone broodjies en dalk 'n vruggie in te sit. Maak maar die broodjie in die aand en sit dit in die yskas.

SPEZIALE WOORD AAN GRAAD R OUIERS

Spel in die ontwikkeling van die kleuter:

Ons is seker dat as u vir u kind sou vra wat hy vandag by die skool gedoen het. Die antwoord waarskynlik sal wees: "Ons het gespeel".

In die opwindende tyd voor kinders skool toe gaan, leer hulle deur te speel. Elke spelaktiwiteit is 'n leergeleentheid. Speletjies bied vir kinders 'n maklike manier om te leer terwyl hulle pret het. Speel is van onskatbare waarde in jou kind se algehele ontwikkeling. Speel help ook nie net ontwikkeling aan nie, dit weerspieël ook jou kind se vlak van ontwikkeling.

In Graad R word spel as 'n metode van onderrig gebruik. Die kind leer die meeste deur spel en nabootsing. Goed beplande, kwaliteit spel bevorder jou kind se leervaardighede en taalvermoë. Dit skep geleentheid vir die bevordering van self-vertroue, sosiale en emosionele groei, koördinasie, probleemoplossingsvaardighede en kreatiwiteit.

Deur spel ontwikkel die kind:

- Intellektueel: Taal, leervaardighede, kreatiwiteit en basiese begrippe.
- Emosioneel: 'n Positiewe selfbeeld, beheer oor sy emosies en selfvertroue
- Sosiale en morele waardes: Hy sal verhoudings kan bou en hanteer, aanvaarbare kommunikasie vaardighede hê, goeie norme en waardes asook respek vir ander.
- Fisies: 'n Gesonde en sterk liggaam, fisiese onafhanklikheid, perseptuele en motoriese vaardighede asook goeie beheer oor sy liggaam.

Skoolgereedheid:

Skoolgereedheid impliseer dat jou kind 'n ontwikkeligstadium bereik het waarin hy met die minimum inspanning voordeel uit formele skoolonderrig kan trek.

Wat word verwag van 'n kind wat skool toe gaan?

- Gesonde liggaamlike ontwikkeling
- Grootspierontwikkeling (groot motoriese vaardighede)
- Kleinspierontwikkeling (fyn motoriese vaardighede soos hand-oog en voet-oogkoördinasie)
- Om te kan dink, onderskei en verstaan
- Perseptuele ontwikkeling
- Intellektuele ontwikkeling
- Konsentrasie en deursettingsvermoë (aandagspan)
- Taal- en luistervaardighede
- Om emosioneel en sosiaal goed aangepas te wees



Onthou, al het jou kind al die nodige uiterlike vaardighede op alle ontwikkelings-gebiede, maar hy het nie vaardighede soos selfstandigheid, deursettingsvermoë, taakgerigtheid, uithouvermoë, selfdisipline en waagmoed nie, is hy soos 'n splinternuwe motor sonder 'n enjin.



SPEZIALE WOORD AAN GRAAD R OUIERS

Wat leer ons in graad R:

AFRIKAANS:

- **Klanke:** U kind leer in graad R die klanke aan. Ons begin met watter klank hoor jy eerste? Bv. Kat. Ek hoor eerste 'n "k". Dit is baie belangrik dat u sal onthou dat ons nie die alfabet gebruik nie, maar die letterklanke soos wat dit in die woord uitgespreek word. Later klank ons woorde. Bv. K-a-t = kat. U kan dit informeel tuis oefen. Aand die einde van die jaar behoort die kleuters die meeste letters te kan benoem en eenvoudige drieletter woorde te kan klank.
- **Lees:** Die kleuters begin vroeg reeds met "lees". Hulle "lees" in groeps-verband saam met die juffrou. Sinne en later 'n storie word so in 'n "lees-boekie" gelees. Daar word nie verwag dat die leerders individueel en onafhanklik moet lees nie. Dit is slegs memorisering en insidentele "lees". Dit is om lees aan te moedig en moet stresloos en prettig wees. Geen druk moet op hulle geplaas word nie.
- **Skryf:** Die kinders gaan begin om letters te "skryf". Wanneer ons skryf, begin ons altyd bo, aan die linkerkant van die papier. Help asb. met die regte beginpunte. Dit is baie moeilik om die verkeerde vorming van letters en syfers af te leer.

WISKUNDE:

- Wiskunde as vak word aangebied en geassesseer op die rapport wat die kinders aan die einde van elke kwartaal ontvang.
- Basiese begrippe word hier behandel. Bv. voor, na, tussen.
- Syfers word ook informeel aangeleer.

LEWENSVAARDIGHEID:

- Hierdie is die derde vak waarin kinders in Gr. R onderrig ontvang. Oulike en interessante temas word behandel om die kinders se algemene kennis en belangstelling in die omgewing rondom hulle te prikkel.



Moet asb. nie u kind leer om sy naam net in hoofletters te skryf nie.
Dit is baie moeilik om af te leer as dit so geoefen is.
Net die eerste letter is 'n hoofletter. Bv. Anita



WHATSAPP GROEPE

Ons maak gebruik van Whatsapp Groepe.

Volgende jaar sal daar 2 groepe wees een gesamentlike groep vir al 2 klasse vir Huiswerk, Belangrike funksies by die Gr R'e ens...

En dan ook 'n klasgroep vir elke klas apart om spesifieke dinge in klas te bespreek. Groepe is gesluit vir ouer kommentaar. Slegs onderwysers mag op die groep boodskappe stuur.

Onderwysers se persoonlike nommer is nie op die groep nie en geen ouers se inligting sal met 'n ander gedeel word nie. (Wet)

Tye wat groep aktief is 06:00 tot 07:20 voor skool 15:00 tot 15:00 na skool.





AFWESIGHEDE

Dit is uiters belangrik dat u kind elke dag skool moet bywoon. Waak teen onnodige afwesighede, want swak skoolbywoning kan veroorsaak dat u kind moontlik die graad moet herhaal.

Daar word daagliks 'n groot hoeveelheid nuwe werk behandel en indien u kind afwesig is, verloor hy/sy ongelooflik baie werk en laat dit 'n gaping in die kennis wat hy/sy moet verwerf.

Daar word gereeld Deurlopende Assesserings gedoen en dit is soms moeilik om leerders wat gedurig afwesig is, se werk in te haal.

Volgens Departementele voorskrifte moet u die skool voorsien van 'n afwesigheidsbrief/verskoningsbrief vir **elke afwesigheid**. Indien u kind meer as 2 dae agtereenvolgend afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word.

Indien 'n leerder laat is weens onvoorsiene omstandighede, moet u asb. die skool sodra moontlik daarvan verwittig voordat registers voltooi word. Leerders wat na 7:20 by die skool opdaag word afwesig gemerk tensy u reëlins getref het.

Waak asb. daarteen om u kind onnodig tuis te hou as hy/sy nie lekker voel nie. Stuur net 'n briefie saam skool toe en juffrou sal hom/haar mooi dophou. Daar is al dikwels in die verlede ondervind dat leerders geneig is om onnodig te kla en eintlik sommer weer heerlijk saamspeel as hul tussen hul maats kom.

Indien 'n kind werklik siek voel of siek word deur die dag sal die skool u onmiddellik daarvan in kennis stel.

Let asb. daarop dat indien u kind wel siek is en hy/sy medikasie moet neem by die skool, moet u asb. dit aan die personeel kommunikeer en self die medikasie voorsien. Die skool mag geen medisyne verskaf nie.

Waak asb. ook daarteen om u kind op 'n gereelde basis vroeg uit te teken (veral op 'n Vrydag). Ons merk op dat ouers baie dikwels leerders vroeër uitteken, wat veroorsaak dat hulle heelwat werk verloor. Die leerprogram is baie vol en ons werk regtig tot die einde van die dag. Indien leerders vroeg uitgeteken word moet 'n BF21 vorm vooraf voltooi word.



NASKOOL

Laerskool Boerefort bedryf hul eie naskool. (volledige inligting sal voorsien word met die Naskool Inskrywingsvorm)

Naskoolgelde beloop as volg:


R11 400.00 per jaar (R950.00 x 12 maande)

Registrasiefooi van R150.00 betaalbaar met jou eerste paaiment.

Alle gelde is streng vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2026.

Indien die gelde nie vereffen is nie sal u kind onmiddelik die naskool moet verlaat totdat die volle rekening vereffen is en u rekening sal oorhandig word vir invordering.

Gelde sluit in Ligte Middageete en Vakansiesorg.



Tye:

Die Naskool funksioneer daaglik van direk na skool en sluit stiptelik om 17:30. (Indien u kind(ers) nie teen 17:30 afgehaal is nie sal 'n boete van R100.00 onmiddelik betaalbaar wees, tensy u betyds 'n reëling in onvoorsiene omstandighede tref.)

Ons is oop tydens alle vakansies, behalwe publieke vakansiedae en tussen 15 Desember en 2 Januarie (heropen 5 Januarie).



Etes:

'n Ligte middageete sal daaglik direk na skool voorsien word.

Gedurende die vakansie sal GEEN ontbyt voorsien word nie, slegs middageete.

Dagsorg:

Neem kennis dat die skool sluit tydens die skoolvakansies.

Ons het 'n dagsorg diens – Tariewe is as volg indien die kind nie in die Naskool is nie: Voldag (06:00 – 17:30) R80.00 per dag met middageete.

Dagsorgvorme is voor elke vakansie beskikbaar.

LW: Die Naskool funksioneer apart van die klas, dus moet alle navrae of klagtes rakende die naskool met die naskoolpersoneel opgeneem word.



SLAAGVEREISTES

Leerders moet die volgende punte of hoër ontvang om te kan slaag:

- Afrikaans Huistaal **50%**
- Engels Eerste Addisionele Taal **40%**
- Wiskunde **40%**
- Lewensvaardighede **40%**



Wanneer die kind in net een van die vakke nie die vereiste punt behaal nie voldoen hy/sy nie aan die slaagvereistes nie.

PERSONEEL

In graad R is daar tans twee klasse met 'n assistent:

Hierdie twee dames beplan weekliks saam en dieselfde werk word min of meer op dieselfde tyd in die klas behandel. Elke les word dan deur die betrokke juffrou persoonlik "ingekleur" en aangebied.



**JUF SARINA
PRETORIUS**



**JUF YOULANDI
DORFLING**

KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE SKOOL

De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084

Tel: 012 335 2841

Posbus 31619, Wonderboompoort, 0033

Webblad: **www.boerefort.co.za**



E-pos:



Algemeen

Skoolhoof

Adjunkhoof

Finansies

Admin

Kantoor

Klagtes

Juffrou Sarina

Juffrou Youlandi

boeries@boerefort.co.za

hoof@boerefort.co.za

adjunk@boerefort.co.za

rekening@boerefort.co.za

admin@boerefort.co.za (omsendbriewe)

ontvangs@boerefort.co.za

klagtes@boerefort.co.za

Sarina.Pretorius@boerefort.co.za

Youlandi.Dorfling@boerefort.co.za

D6 CONNECT

Stap-vir-stap gids hoe om die d6 Connect Toepassing af te laai

Selfone & Tablette Aflaai Proses

Android

1. Besoek die Google Play Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Install' knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, haal u inleën *

Get it on Google play

iPhone / iPad

1. Besoek die iTunes App Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Get' knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, haal u inleën *

Available on the App Store

Bly op datum met al die nuutste aankondigings & nuus

Rekenaar Aflaai Proses

Windows Rekenaar

1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Windows App" opsie
3. Wanneer gemaak word of die dokument moet "Run or save", kliek "Save" om te laai daarna op "Run"
4. Sodra die Toep (Toepassing) geïnstalleer is, haal u inleën *

Mac Rekenaar


1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Macintosh App" opsie
3. Volg die instruksies vir die installasie
4. Sodra die Toep (Toepassing) geïnstalleer is, haal u inleën *

*Indien u nog nie 'n geregistreerde d6 Connect gebruiker is nie, gaan asb na bit.ly/d6ConnectRegister vir Registrasie Scenario's


Stuur asseblief 'n epos aan die d6 Connect Ondersteuningspan indien enige probleme ondervind word met die installering van die sagteware: appsupport@d6.co.za | 087 820 0088 | www.d6.co.za

Ons skool is op pad na kontantlose byeenkomstes met **Betalings in d6 Connect**, aangedryf deur **Sticitt Pay**.

Die volgende betalings is reeds beskikbaar by ons skool:




Hier is hoe dit werk:



KLASKAMER REELS

- Ons doen **asseblief**
- Ons doen **dankie**
- Ons is **vriendelik**
- Ons is **EERLIK**
- Ons gee **KOMPLIMENTE**
- Ons vra: **MAG EK?**
- Ons doen **nethier**
- Ons **steek ons hand op**
- Ons doen **gelukkig**
- Ons doen drukkie xxx
- Ons doen **Dis OK**
- **ONS DOEN STILTE**
- Ons eet **gesond**

www.mylaskamer.co.za





Skryfbehoeftes

GR R 2026

Merk asseblief alle items met jou kind se naam op.
R50 per kwartaal vir bak en brou.

- 4 x wetwipes (1 per kwartaal)
- 4 x 40g Pritt
- 4 “ou” tydskrifte (1 per kwartaal)
- 2 x Bokse tissues
- 4 x pakkies uitdraaivetkryt (1 per kwartaal)
- 2 x Ponal gom
- 2 x A4 “17mm Margain Speckled (72bl.)
- 2 Grys HB potlood
- Flip file met 10 bladsye
- 2 pakke lekkers (geen toffies of suigstokkies)
- 4 x rieme wit afrolpapier 80gr Typek asb.
- 50 helder kleur kartonne (enige kleur/e)
- 2 x plastiek koeverte (carry folders)
- Stoelsakkie
- 2 Legkaarte (12 & 24 Stuk)
- 4 x toiletpapier per kwartaal

